| Publikasie nr. | Datum | Onderwerp nr. | Dokument nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 2 8 1 | 81 08 15 22 27 | 389 | 1725 |

81 8. 15.

DIE TRANSVALER Jg........ Nr........ P. 1 .... Dat........

# Padblokkades op hoofpaaie wag vir 3 terroriste

JOHANNESBURG — Die wye polisiesoektog na drie ANC-terroriste wat Voortrekkerhoogte Woensdagnag met vuurpyle aangeval het, duur steeds voort, en padblokkades is gister op die meeste paaie tussen Johannesburg en Botswana beman.

Die polisie wou gister geen ander besonderhede oor hul soektog verstrek nie. Volgens kol. Leon Mellet van die polisie se Buro van Openbare Betrekkinge, weet hulle dat die terroriste na elke radio-nuusuitsending luister en al die verskillende koerantberigte oor die soektog noukeurig dophou.

„Om dié rede kan ons ons modus operandi nie in die pers bekend maak nie, uit vrees dat dit ons soektog kan belemmer," het hy gesê.

Die drie terroriste het Woensdag kort voor middernag vier Russies-vervaardigde vuurpyle van 122 mm afgevuur op die militêre basis by Voortrekkerhoogte.

Hulle het 'n vuurpylwerper op 'n grondpad naby die Indiërwoonbuurt Laudium gebruik.

Een swart vrou is in die aanval beseer toe 'n vuurpyl haar kamer in die basis getref het.

Kort ná die vuurpylaanval, het die terroriste met outomatiese gewere losgebrand op 'n nuuskierige Indiërseun, Zahir Patel, wat die vuurpyle se vuurflitse gesien en gaan ondersoek instel het. Hy is in die rug en arm getref. Sy toestand was gister bevredigend in die H. F. Verwoerd-hospitaal.

Die terroriste het te voet die donker ingevlug ná 'n kortstondige skietgeveg met polisie wat op die toneel verskyn het.

Die Indier-woonbuurt naby Voortrekkerhoogte is kort ná die aanval met padblokkades afgesluit. Daar word gemeen dat die terroriste, wat vermoedelik na Botswana sal probeer vlug, binnekort aangekeer sal word. — UPI.

**TREFWOORDE**

1 Mellet L.

2 Polisie

3 Ondersoeke

4 Stedelike Terrorisme

5 Voortrekkerhoogte

6 Vuurpyle

7 Aanvalle

8 Kommentaar

9

10